# HOËRSKOOL PORTERVILLE

14 DESEMBER 2022 | KWARTAALBRIEF 4/22

tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com Hoërskool Porterville hsp_bulle

## Uit die hoof se kantoor

Geagte Ouers en Leerders

Terwyl ek hierdie brief skryf, is almal in rep en roer om alles klaar te kry voor die einde van die jaar. Ek besef nóu eers hoe vinnig hierdie jaar verby is en hoe besig ons was.

2022 was regtig 'n besonderse goeie jaar vol hoogtepunte vir Hoërskool Porterville op akademiese, sport en kulturele gebied. Die uitdaging is egter om te verbeter op die standaarde wat daargestel is. Om "Op Die Voorpunt" te bly, ten spyte van al die uitdagings op ons pad, is nie altyd 'n maklike taak nie.

Die uniekheid van Hoërskool Porterville lê in die feit dat ons "groot genoeg is om kompeterend te wees, maar klein genoeg is sodat elke leerder tel". Wanneer jy 'n uitstekende, hardwerkende onderwyserskorps en betrokke ouers hierby voeg, is daar geen rede waarom Hoërskool Porterville nie die BESTE skool in die Boland kan wees nie.

Dankie is 'n klein woordjie, maar my opregte dank gaan uit aan elkeen se bydrae, omgee en betrokkenheid die afgelope jaar. Mag almal 'n geseënde feestyd geniet en kosbare tyd saam met vriende en familie spandeer.

Psalm 127:1 sê: "As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm, tevergeefs."

Groete
Mnr. Cobus Louw

# HOËRSKOOL PORTERVILLE

## KWARTAAL VIER HOOGTEPUNTE

OP DIE VOORPUNT

Gestig 1870

www.hsporterville.com   Hoërskool Porterville   hsp_bulle













## 2. SKOOLHEROPENING: 18 Januarie 2023

Skool heropen: Woensdag, 18 Januarie 2023

Graad 1: 07:30 – 14:00
Graad 2 – 12: 07:30 – 14:00

Graag 8 Inskakeling begin Maandag, 16 Januarie 2023 om 08:00.

Die skool begin met **WOENSDAG** se rooster.

## 3. BELANGRIKE KENNISGEWING VIR GRAAD 1 OUERS

Skoolure aangepas:
As gevolg van die nuwe lees- en klankereeks wat vanaf 2023 geloods word, sal die nuwe skoolure vir Graad 1-leerders van **07:30 tot 14:00** wees. Dankie vir u samewerking.

## 4. LEERDERBYWONINGSBELEID

Graag bring die volgende onder u aandag: Indien 'n leerder **TIEN DAE** aaneenlopend afwesig is, daar kontak met die ouers beding is, en daar geen rede of versoening aangebied word nie, sal so 'n leerder onmiddellik vanaf SOBIS verwyder moet word. So 'n leerder sal dan heraansoek moet doen om toelating tot die skool.

## 5. RAPPORTE / ASSESSERINGSVERSLAE

U sal saam met hierdie omsendbrief 'n rapport/assesseringsverslag ontvang. Daarin kan u sien hoe u kind akademies gevorder het. **Bespreek dit asseblief met u kind**. Diegene wat nie so goed presteer het nie, sal 'n besluit moet neem om meer getrou aan sy/haar akademie te werk. Vergewis uself asseblief van die KABV slaagvereistes vir die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO Fase.

### GRONDSLAGFASE: GR. 1-3

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%

### INTERMEDIÊRE FASE: GR. 4-6

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 3) ten minste 40%

**SENIOR FASE: GR. 7-9**

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 2) ten minste 30%

**VOO FASE: GR. 10-12**

- Huistaal Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 2) ten minste 30% - met dien verstande dat die SBA komponent ingehandig is vir die vak wat nie geslaag is nie.

**6. SKENKING VAN DATAPROJEKTORS**

HSP werk hard daaraan om ons klaskamers tegnologies toe te rus. Hiermee bedank ons graag die volgende twee groepe wat elk 'n nuwe dataprojektor aan die skool geskenk het:

Matriekklas van 2020
VRL van 2022

Ons waardeer dit! Dit gaan handig te pas kom.

**7. KWYTSKELDING VAN SKOOLFONDS & SUBSIDIE VIR KOSHUIS**

Hierdie vorms is by mev. Alet Kriel by die skool beskikbaar. Die vorms moet teen **31 Januarie 2023** volledig voltooi by mev. Kriel ingehandig wees.

**8. SKOOLFONDS EN KOSHUISLOSIES**

# BETALINGSOPSIES 2023

| SKOOLFONDS PER LEERDER PER JAAR R 15 300-00 | | |
|---|---|---|
| **R14 000-00 indien voor einde Februarie volle bedrag betaal**<br>(R1 300-00 korting) | | |
| **OPSIE 1** (10 maande) | **HSP** | **OPSIE 2** (11 maande) |
| R 1 530-00 | **Januarie** | R1 300-00 |
| R 1 530-00 | **Februarie** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **Maart** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **April** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **Mei** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **Junie** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **Julie** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **Augustus** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **September** | R 1 400-00 |
| R 1 530-00 | **Oktober** | R 1 400-00 |
| - | **November** | R 1 400-00 |
| **Hoërskool Porterville • ABSA Bank • Tjekrekening • 2100390046** | | |

| LOSIESGELD PER LEERDER PER JAAR R 24 000-00 | | |
|---|---|---|
| **Per kwartaal** | **HVR** | |
| R6000-00 | **Kwartaal 1** | Voor einde Januarie |
| R6000-00 | **Kwartaal 2** | Voor einde April |
| R6000-00 | **Kwartaal 3** | Voor einde Julie |
| R6000-00 | **Kwartaal 4** | Voor einde Oktober |
| **Hoërskool Porterville • ABSA Bank • Tjekrekening • 2100142913** | | |

- **Skoolfonds is streng vooruitbetaalbaar.**
- **1ste betaling moet Januarie geskied.**
- **Alle betalings moet teen einde November afgehandel wees.**
- **<u>NB: Skryf leerder se naam en van of naam en graad by verwysing</u>.**

## 9. MATRIEKEKSAMENUITSLAE

Matriekuitslae word om **11:00 op Vrydag, 20 Januarie 2023** aan kandidate by Hoërskool Porterville bekendgemaak. Die uitslae van voltydse kandidate sal slegs by skole en op die Internet beskikbaar wees.

Uitslae sal op Vrydag, 20 Januarie 2023 om 11:00 op die WKOD se webwerf: **https://wcedonline.westerncape.gov.za** beskikbaar wees.

Kandidate sal hulle vanne en identiteitsnommers/geboortedatum moet invoer om hulle persoonlike uitslae op die WKOD-webwerf te besigtig.

Die NSS-toekeningseremonie sal op Donderdag, 2 Februarie 2023 om 10:00 by Leeuwenhof plaasvind.

## 10. PERSONEEL

Ons groet...

**Opvoeders**

Me. Amoré Nel (Rekeningkunde gr. 10-12 en EBW gr. 7-9)
Mnr. Jacques van Reenen (Lewenswetenskap gr. 10-12, Lewensoriëntering gr. 8, Natuurwetenskappe gr. 7 en Lewensvaardighede gr. 3)

## 11. SKOOLKLERE

Leerders begin op Woensdag, 18 Januarie 2023 met somersdrag. Die 2023 Prospektus is digitaal aan ouers uitgestuur. U is welkom om Prospektus by skool te kom afhaal of van die skool se webtuiste af te laai.

## 12. INSKRYWING VAN NUWE LEERDERS IN 2023 VIR 2024

Belangrike datums wat onthou moet word wanneer u in 2023 by 'n openbare skool om 'n plek vir u kind aansoek doen. Aansoeke **MOET elektronies** op die **WKOD** se stelsel gedoen word. Kontak asseblief die skool indien u nie vertroud is met die inligting nie.

| | |
|---|---|
| **Inskrywings open:** | **13 Maart 2023** |
| **Inskrywings sluit:** | **14 April 2023** |

## 13. KOMMUNIKASIE

Alle kommunikasie vanaf HSP word deurgegee via Whatsapp, Weekbriewe en Sosiale Media. Maak asseblief seker dat u/u kind op die betrokke WhatsApp-groepe is. Dit is baie belangrik dat u die verantwoordelikheid neem om toe te sien dat u tot hierdie groepe gevoeg word. Volg ons gerus op ons Sosiale Media platforms by: **Instagram**: HSP_Bulle / **Facebook**: Hoërskool Porterville.

## 14. SPORTPRESTASIES

**Boland Tennis:**

Die volgende Laerskool leerders is opgeneem in hul onderskeie Bolandspanne:

O/11
Jordaan Redelinghuys (Gr. 3): nr. 14
Schalk Theron (Gr. 4): nr. 3

O/12
Edrich Redelinghuys (Gr. 5): nr. 1

O/13
Braam Theron (Gr. 6): nr. 13

**Rugby:**

Caleb West (Gr. 7) toer na Ierland in die Travel & Sport uitnodigingspan.

## 15. BUITE-SKOLE SPORT

**Karate gradering:**

Forbes Karate Academy gradering:

| | |
|---|---|
| Tim Solomons (Gr. 8): | Vol Groen Belt |
| Marné Coetzee (Gr. 4): | Vol Groen Belt |
| Alana Munnik (Gr. 4): | Vol Oranje Belt |
| Gerhard Roux (Gr. 2): | Vol Blou Belt |

**Darts kampioenskappe:**

| | |
|---|---|
| Donré de Bruin (Gr. 9): | Meeste liga-wedstryde deur 'n Junior<br>Hoogste toemaak vir 'n Junior by die Wes-Kaap proewe<br>Junior speler van die jaar |
| Danton de Bruin (Gr. 5): | Toekenning vir waardering |

## 16. SPORTOEFENINGE

Sportoefening neem in aanvang op **Woensdag, 18 Januarie 2023** soos aangedui op die middagrooster.

**17. FONDSINSAMELING**

*Damesaand met Kaleidoskoop*
Op Donderdag, 1 Desember 2022 het HSP 'n baie suksesvolle damesaand aangebied. Daar is heerlik piekniek gehou op die A-veld met 'n pragtige uitsig, goeie musiek en lekker geselskap.

**18. LEIERKONFERENSIES**

Anri van der Merwe, Hoofdogter vir 2023, is gekeur vir Die Burger se Jeugleierkonferensie wat plaasvind vanaf 11 tot 15 Desember 2022 te Kaapstad.

Kyle Steenkamp en Anja Crywagen is verkies om die Sondeza AFRI-JEUG kamp by te woon wat plaasvind vanaf 7 tot 15 Desember 2022 te Ganzekraal.

Ons is voorwaar trots op ons leerders!

**19. SKOOLKALENDER VIR 2023**

| **KWARTAAL** | **OPEN** | **SLUIT** |
|---|---|---|
| Eerste | 16 Januarie (opvoeders)<br>16 Januarie (Gr. 8 Inskakeling begin)<br>17 Januarie (Gr. 1)<br>18 Januarie (alle leerders) | 31 Maart |
| Tweede | 11 April | 23 Junie |
| Derde | 18 Julie | 29 September |
| Vierde | 10 Oktober | 6 Desember (leerders)<br>8 Desember (opvoeders |

**20. DOKUMENTASIE IN RAPPORTKOEVERTE**

Maak asseblief seker dat alle dokumentasie wat in die rapportkoeverte is, voltooid en onderteken teruggestuur word saam met u kind sodra die skool heropen in 2023.

Aangeheg vind u die middagprogram vir kwartaal 1 van 2023 asook die **voorlopige jaarprogram** vir 2023. Geniet die Christusfees saam met u kinders en familie. Veilig reis.

Vriendelike groete

Mnr J.J. Louw
SKOOLHOOF



# MIDDAGROOSTER: 1STE KWARTAAL 2023

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Skaak | 14:30 | - | 15:30 |
| | Gholfwedstryde | 14:30 | | |
| | Mini-Krieket | 14:30 | - | 15:30 |
| | Krieket (0/11 + 0/13) | 14:30 | - | 15:45 |
| | HS Tennis (span) | 14:30 | - | 15:30 |
| | HS Tennis (ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| | Swem (Groep 4) | 14:30 | - | 15:15 |
| | Swem (Groep 3) | 15:30 | - | 16:15 |
| | Atletiek | 16:30 | - | 17:45 |
| | VCSV - kringleiers | 18:15 | - | 18:55 |
| **Dinsdag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Wisk (Gr. 8, 9, 10) | 14:15 | - | 15:15 |
| | FW (Gr.12) | 14:15 | - | 15:15 |
| | Sêrgroep | 14:30 | - | 15:30 |
| | LS Tennis (Span) | 14:30 | - | 15:30 |
| | LS Tennis (Ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| | Swem (Groep 1) | 14:15 | - | 14:45 |
| | Swem (Groep 2) | 14:45 | - | 15:30 |
| | HS Krieket | 15:00 | - | 16:30 |
| | Swem (Groep 4) | 15:30 | - | 16:45 |
| | Atletiek | 16:30 | - | 17:45 |
| | Dramaklub | 18:15 | - | 19:30 |
| **Woensdag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Skaak | 14:30 | - | 15:30 |
| | Wisk (Gr.12) | 14:15 | - | 15:15 |
| | Mini-Krieket | 14:30 | - | 15:30 |
| | Krieket (0/11 + 0/13) | 14:30 | - | 15:45 |
| | HS Tennis (Span) | 14:30 | - | 15:30 |
| | HS Tennis (Ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| | Swem (Groep 4) | 14:30 | - | 15:15 |
| | Swem (Groep 3) | 15:30 | - | 16:15 |
| **Donderdag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Wisk (Gr. 11) | 14:15 | - | 15:15 |
| | Sêrgroep | 14:30 | - | 15:30 |
| | LS Tennis (Span) | 14:30 | - | 15:30 |
| | LS Tennis (Ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| | Swem (Groep 1) | 14:15 | - | 14:45 |
| | Swem (Groep 2) | 14:45 | - | 15:30 |
| | HS Krieket | 15:00 | - | 16:30 |
| | Swem (Groep 4) | 15:30 | - | 16:45 |
| | Atletiek | 16:30 | - | 17:45 |
| | Dramaklub | 18:15 | - | 19:30 |
| **Vrydag** | Gholfoefening | 14:30 | | |

# HOËRSKOOL PORTERVILLE VOORLOPIGE JAARPROGRAM VIR 2023

| | | |
|---|---|---|
| **Januarie** | **16** | **SKOOL BEGIN VIR OPVOEDERS** |
| | 16+17 | Gr8 Inskakelingskamp |
| | 16-20 | Landbou Skeerkursus |
| | **17** | **GRAAD 1'S SE EERSTE DAG** |
| | **18** | **SKOOL BEGIN VIR LEERDERS** |
| | 21 | Graad 11 Beachwalk |
| | | Graad 12 Kamp |
| | 25 | Interhuissokkie |
| | **26+27** | **Huis-Atletiek** |
| **Februarie** | 01 | Krummelkonsert |
| | 03-05 | VCSV Kamp |
| | 04 | HS Platteland Atletiek – HSP |
| | 07 | Interhuis-gala |
| | 10 | LS Platteland Atletiek – HSP |
| | 11 | HS Wes-Boland Atletiek – Moorreesburg |
| | **15** | **Interskole Atletiek – HSP** |
| | 16 | Valentynsbal en Kaperjolle |
| | 18 | Bulletjie Mini-kriekettoernooi - HSP |
| | 24+25 | HS Boland Atletiek – Paarl |
| | 25 | LS Wes-Boland Atletiek – Weskus |
| | **27** | **0/11 Interskole krieket (W)** |
| | | **HS Interskole Tennis (W)** |
| **Maart** | **01** | **Mini- en 0/13 Interskole krieket (W)** |
| | **02** | **0/15 Interskole krieket (W)** |
| | 03 | Wêreldbiddag vir vroue |
| | **04** | **0/19 Interskole krieket (W)** |
| | | Hopefield Sportdag |
| | | Wêreldbiddag vir mans |
| | 03+04 | HS Wes-Kaap Atletiek – Coetzenburg |
| | 06 | 0/16 en 0/19 Witzenberg Rugbyproewe – HSP |
| | 09 | Rugby en Netbal – Bella Vista (T) |
| | 13-15 | WPNA 0/7 – 0/13 Netbalkliniek – HSP |
| | 14-15 | Gr11 Landbou Besproeiingskursus |
| | 16 | Rugby – Langeberg (W) |
| | 17+18 | HS SA's Atletiek – Vrystaat |
| | | Bredasdorp 0/13 en 0/15 Netbaltoernooi |
| | 20 | Skoolvakansiedag |
| | 21 | Menseregtedag |
| | **24-25** | **BULFEES** |
| | 28 | 0/16 en 0/18 Witzenbergproewe – Ceres |
| | **31** | **SKOOL SLUIT** |

**Tennis- en Krieketdatums** is nog **uitstaande**. Ons wag vir die speelroosters.

| | | |
|---|---|---|
| **April** | 01-05 | 0/19 Rugbytoernooi – De Kuilen |
| | *07* | *Goeie Vrydag* |
| | *10* | *Gesinsdag* |
| | **11** | **SKOOL BEGIN** |
| | 15 | HS Rugby en Netbal – HS Stellenbosch (T) |
| | 22 | Rugby en Netbal – Curro Langebaan (T) |
| | 25 | HS Rugby en Netbal – Steynville (W) |
| | 26 | Graad 12 Geografie-uitstappie |
| | *27* | *Vryheidsdag* |
| | *28* | *Skoolvakansiedag* |
| **Mei** | *01* | *Werkersdag* |
| | 06 | Rugby en Netbal – Hopefield (W) |
| | 10 | LS Boeresport |
| | 13 | Rugby en Netbal – Vredendal (W) |
| | 16 | Skoolkampioenskappe Top Skole Netbal |
| | 17 | Interskole Vasvra en Redenaars (W) |
| | 20 | Rugby en Netbal – Jan van Riebeeck (W) |
| | 21-28 | Pinksterweek |
| **Junie** | *16* | *Jeugdag* |
| | **23** | **SKOOL SLUIT** |
| **Julie** | 09-14 | 0/19 Rugby – Hartenbostoer |
| | **18** | **SKOOL BEGIN** |
| | 22 | Rugby en Netbal – Dirkie Uys (W) |
| | 29 | Rugby en Netbal – Vredenburg (W) |
| **Augsburg** | 05 | Rugby en Netbal – Augsburg (T) |
| | 09 | Vrouedag |
| | 10 | HS Rugby en Netbal – Ceres Sek (T) |
| | 16 | LS Big Brag en Capping |
| | 17 | HS Big Brag en Capping |
| | 18 | HSP Big Brag |
| | 19 | Rugby en Netbal Interskole (W) |
| **September** | 09 | Bulle Gholfdag |
| | 15-17 | HS VRL-Kamp |
| | **29** | **SKOOL SLUIT** |

| | | |
|---|---|---|
| **OKTOBER** | **10** | **SKOOL BEGIN** |
| | 17 | Aanprysgeleentheid |
| | 18 | Grondslagfase Prysuitdeling |
| | 19 | Graad 4-12 Prysuitdeling |
| | 24 | Graad 9 Vakkeuse-aand |
| **November** | 03 | Graad 7 Dinee |
| **Desember** | **06** | **SKOOL SLUIT VIR LEERDERS** |
| | **08** | **SKOOL SLUIT VIR OPVOEDERS** |

